**15 Mei**
**Skrifgedeelte: Markus 6:30-34**
**Fokusgedeelte: Markus 6:31,32**

**Word eers stil voor die Here!**

Wat is die belangrikste ding wat jy vandag moet doen? Om te gaan werk? Om daardie groot kontrak te kry? Om huis aan die kant te maak? Om skool toe te gaan? Om vanmiddag daardie wedstryd te speel?
Ja, al hierdie dinge is sekerlik belangrik, maar daar is iets wat belangriker is as alles wat jy vandag moet doen. Gaan soek ‘n plek om stil te word voor die Here!
In Markus 6:31 en 32 lees ons: “Daar was baie mense wat gedurig gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie. Hy sê toe vir hulle: ‘Kom julle alleen saam na ’n stil plek toe en rus ’n bietjie.’ Hulle het met ’n skuit na ’n stil plek toe vertrek waar hulle alleen kon wees.”
Jesus het geweet dit kan nie so aangaan nie. Om belangrike dinge te kan doen, moet ‘n mens tyd maak om stil te word voor jou almagtige hemelse Vader. As jy dit nie doen nie, kan jy gou uitgeput en uitgebrand raak.
Kry ‘n rustige en stil plek waar jy kan stil word in God se teenwoordigheid. Maak jou kantoor- of kamerdeur toe. Haal die telefoon van die mikkie af. Skakel jou selfoon af. Haal jou Bybel uit, lees daarin en praat met jou hemelse Vader in gebed. Word stil voor die Here. Vind jou rus in Hom. Doen dit elke dag!
*Sing: Psalm 42:1 Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*